Derde uitgawe - 2013

Koeda

Pretoria Bonsai Kai

The word Koeda is Japanese and means: 'Graceful branch'. It is pronounced Ko-eda.

- **Pretoria Bonsai Kai bestuur:**
- Voorsitter – Org Exley 082 809 2037
- Onder voorsitter – Francois van As 074 6011847
- Tesourier - Daan du Toit 012 567 2520
- Sekretaresse – Marianne Erwee 083 377 7893
- Skakelbeampte—Christa Vermaak 083 388 4736
- Addisionele lede : Otto Koekemoer, Martin Kruger, Johan Els, Jaco Kriek

Enige idees, artikels of terugvoering rakende die nuusbrief kan gegee word aan Jaco Kriek by: jaco.kriek@aurecongroup.com

In hierdie uitgawe

Van ons redakteur	1
Briewe bus / vra is vry	2
Root on rock style	5
Vergadering 4 Mei	13
Nuwe talent kompetisie	19
Snippets	22
Verganklikheid	23
Terugvoering	27
Vergadering 1 Junie	28
Kalender	29

Van ons redakteur.

Beste bonsai lede

Ons is in die middel van winter. Of is ons? Tot dusver het ons 'n baie matige winter beleef. Sommige bome in die natuur wat gewoonlik teen hierdie tyd hulle blare verloor het, is nou eers in herfs kleure. Baie lede sê dat hulle bonsai, veral Akasia, wat ook gewoonlik teen hierdie tyd al kaal was van blare nou nog meeste blare aan het. Ons het ook nog baie min, indien enige, ryp gehad hierdie winter.

Is dit 'n goeie ding of is dit sleg? Vir die lede wat sensitiewe bome het, soos vye, en dit nie kan wegsit in 'n beskutte plek nie is dit natuurlik goed dat die winter matig is. Vir lede wat Denne bome het is dit weer nie so goed nie want Denne bome moet 'n baie koue winter beleef.

Wel die hele Julie lê nog voor, so dalk moet ons nie te vroeg praat van 'n matige winter nie. Hou maar die weervoorspelling dop om voorsorg te tref indien die erge koue dalk laat kom hierdie winter. Onthou, verlede jaar het ons op 7 Augustus sneeu gehad in die suide van Pretoria!

Kyk na die stelling hier onder en evalueer jou bome om te besluit of jy dalk drastiese werk aan die struktuur van van jou bome wil maak.

Bonsai groete

Jaco

Winter is the time to consider the structure of your deciduous trees. Faults in the structure of the branches and twigs have nowhere to hide.

Briewe Bus / Vra is Vry

In Pieter Loubser se artikel van die vorige uitgawe, met die titel 'Vreemd versus Gewoon', het hy 'n foto gewys (onder) van Robert Stevens by 'n mooi boom en gepraat van Robert se skepping. Die volgende brief is daarna ontvang van Bernie O'Callaghan van Khomas Bonsai in Windhoek:

Hallo julle almal.

Het leesstof geniet, dankie.

Ek wil julle net wys daarop dat die boom waarby Robert Stevens staan, `n skepping van Don Stevenson in Windhoek is. Die boom is 29 jaar oud, `n Presopis, en van `n saailing ontwikkel.
Stilering is deur myself en Don gedoen. Robert het net die herplanting gedoen. Die boom was voorheen regop.

Stel asb reg in jul volgende uitgawe.

Groete
Bernie O`Callaghan
Khomas Bonsai

Redaksie:

Nadat Bernie se brief ontvang is het ek op die internet gesoek en op die webwerf //bonsaibark.com afgekom. Hier is wat die persoon wat die webwerf bedryf onderandere daar skryf:

Robert's Bonsai Safari

Robert's bonsai safari
Here's a note I just received from our good friend Robert Steven:
"Here is my first African style bonsai, an acacia I did in Namibia, inspired by the trees we saw during our bonsai safari in Namibia, maybe you want to share…"

En later onder die foto staan daar '*The artist and his tree'.* Die foto's wat Pieter Loubser gebruik het is ook in die berig.

Die redaksie maak dus verskoning aan Bernie O'Callaghan en Don Stevenson. Ek kom ook egter op vir Pieter Loubser wat moontlik verkeerde inligting bekom het wat hy onbewustelik gebruik het. Sien ook wat Pieter sê (laaste paragraaf) in sy stukkie op bl 4 "Bronne van bome vir praatjies".

Briewe Bus / Vra is Vry

Jaco,

Ek vertel graag van twee insidente in my bonsailewe. Miskien kan iemand hieruit leer.

Ons hou uitstalling in 'n winkelsentrum in Potchefstroom in die Somer. Ons pak op na middagete en die bome moet terug in die motor. Ons sou vervolgens gaan braai by iemand se huis. My voertuig het in die parkeerterrein gestaan. Ek begin toe bome laai in die motor. Bang dat hulle gesteel sal word, sluit ek die motor weer en stap terug om nog bome te gaan haal. Alles wel. Ek het 'n pragtige Jenewerboom op die vloer van die motor voor die passasiersitplek staangemaak. Dis warm in die motor en ek sit die lugreëling aan en maak al die ventilasieluike oop.

Toe ek 'n klompie minute later by my vriend se huis stilhou, pak ek my braaigoedjies uit en ons begin vuurmaak. Ek kort iets en stap terug na my motor wat in die skadu staan. Daar gekom sien ek dat van die bome se blare verlep is, maar by nadere ondersoek blyk dit iets anders te wees! Hulle het te warm gekry! Daar was groot skade!

Les een: Ek laai nooit weer bonsai in 'n warm motor nie!

Ek ry later terug huistoe en laai die bome af. Ek was bitter ontevrede met myself oor die skade aan my bome. Helaas! Toe ek die Jenewerboom uittel, sien ek dat dit ook "verlep" is. Ek kon dit nie glo nie en my klompie breinselle gaan oor na hoogste rat. Toe tref dit my! Die boom het regteenoor 'n ventilasie-opening in die voorkant van die motor gestaan en die koue droeë lug het dit laat verskrompel!

Les twee: Pasop waar jy 'n bonsai plaas in jou voertuig.

Hitte, koue en uitdroging in een episode! Ek het geleer om bitter versigtig te wees wanneer ek bonsai in 'n motor vervoer. Ek hoop hierdie skande van my help keer dat iemand anders dit oorkom.

Groete,

Pieter Loubser

Bronne van bome vir praatjies. - Deur Dr Pieter Loubser

BRONNE VAN BOME VIR PRAATJIES

Ek moes vanmiddag hier in Klerksdorp in my motorhuis ‘n praatjie aanbied oor die skep van meer takke en verdigting van bonsai. Ek sal elders ‘n kort weergawe van my gedagtes aangaande die onderwerp saamstel en publiseer. Ek het natuurlik moes soek om materiaal te kry om verskillende stellings uit te beeld. Ek was aangewese op dit wat in my agterplaas groei. Natuurlik het hierdie materiaal ook verskillende maniere van ontstaan gehad.

Ek kweek nie van saad nie. Nie self nie. Voëls doen daardie werk vir my en ek het ‘n verskeidenheid van saailinge wat ek in my tuin kan vind, soos Wit stinkhout, Esdoring, Olien, moerbei en Liguster.

Ek maak steggies in die dosyne en dit is die bron van baie van my bome.

Ek ringeleer bome en skep meer as een uit ‘n stam. Dit verskaf pragtige materiaal uit jou eie tuin. Ek het ander kunstenaars met sulke materiaal sien werk en dit is ‘n vrugbare bron.

Ek koop soms ‘n boom in ‘n kweekhouer by ‘n kwekery. Met ietwat geluk is dit nogal ‘n bron van goeie materiaal veral in die meer struikagtige spesies se geval.

Die ouer materiaal wat ek het, het ek in tuine of in die veld gaan uitgrawe.

Hierdie is die bronne van my demonstrasiemateriaal, met een klein en seldsame uitsondering. Soms gebruik ek iemand anders se boom! Ek hou nie daarvan nie omdat ek materiaal wat aan iemand anders behoort gaan omvorm en die ander persoon moet daarmee verlief neem. Meeste verskaffers is gediend daarmee.

Wat gebeur met besoekende kunstenaars? Hulle is aangewese op materiaal uit kwekerye of rou materiaal wat hulle namens iemand anders moet skep. Soms kan skeppings van ander kunstenaars gebruik word om ‘n heel ander skepping mee saam te stel, soos toe Robert Stevens in Namibië ‘n boom van Don Stevenson en Bernie O’Callaghan, wat een van hulle van saad gekweek het, gebruik het om ‘n landskap mee te skep. Sien my fotos wat ek by BonsaiBark gekry het in Koeda 2/13. Dit is dus ook interessant om die geskiedenis van bonsaimateriaal te kan naspeur. Dalk hou ons nie genoeg rekord van die boompies nie!

Root on Rock style - by Prof Gareth Bath

ROOT ON ROCK STYLE

(ISHI-ZUKE)

(Also called ”Clinging to a rock”

Gareth Bath April 2013

BOOKS CONSULTED AND ACKNOWLEDGEMENTS

1. Peter D. Adams	The Art of Bonsai
2. Jon Ardle	Bonsai
3. Charles S. Ceronio	Bonsai Styles of the World
4. Herb L. Gustafson	Keep your Bonsai Perfectly Shaped
5. Shusui Komodo & Horst Pointer	Ikebana Spirit and Technique
6. Carl Morrow & Keith Kirsten	Bonsai Success in Southern Africa
7. David Squire	The Bonsai Bible
8. Anne Swinton	The Collingridge Handbook of Bonsai
9. Almightly Google	Anonymous
10. Lana Botha	Power Point Presentation

CHARACTERISTICS OF ISHI-ZUKE

- The Rock is the focus.
  Big, interesting rocks form the basis and must not be overwhelmed by the trees or the tray.
- Trees are small and simple.
  To keep the focus on the rock, the tree(s) must be on a much smaller scale and not elaborate.
- An asymmetrical rock and trees.
  Avoid boring symmetry. The scene should evoke a natural scene.
- A rugged, challenging environment.
  The picture should be of trees “clinging to life”, or surviving despite growing in tiny pockets of soil.
- Distant or close view.
  The composition can invoke either a distant scene, with small or tiny tree, or a nearby boulder, cliff or island, with much bigger trees.

Continue on pg 6

ROOT ON ROCK STYLE - by Prof Gareth Bath

RELATED STYLES

Saikei

(Landscape
with trees)
Trees in their
environment

Seki-Jojo

(Root over rock)
Rock part of "trunk",
Roots reach the soil

Ishi Zuke

(Rock-grown)
Root on (in) rock
Rock dominant

Bonseki

(Rock landscape)
no trees
Sand & Stone

Suiseki

(Viewing stone)
Looks like ……
Single stone
no trees

DISPLAY TRAYS

- They must complement the composition. The trays should balance and enhance the scene envisaged
- Trays can be clay, wood, rarely composite materials, metal or cloth. Be creative and dare to be different.
- Flat clay pots with no holes (suiban) are most commonly used and advocated.
- Rectangular, oval or round are the most common shapes used.
- Proper Suiban pots are difficult to find, so make do with standard flat trays, plug or cover the drainage holes.
- Fill with water, sand or gravel to create the scene that is planned.

Continue on pg 7

ROOT ON ROCK STYLE - by Prof Gareth Bath

INSPIRATIONS

- Island - The rock is surrounded by water or sand. (Shima Gata)

- Mountain – This can vary from a small; hill to a large mountain. (Toyama)

- Cliff scene, with trees clinging to it, often cascading or semi-cascading. (Dan Ishi)

Continue on pg 8

ROOT ON ROCK STYLE - by Prof Gareth Bath

- Water overhang - This is rarely seen in nature. (Ama Yadori Ishi)

STYLES OF ROCK

- Horizontal – This is often confused with slabs or slates but these rocks are only used as substitute for a bonsai pot. With Ishi-Zuke the rock must be dominant.



- Vertical – These rocks suggest a cliff face, with trees growing sideways (slanting) or down (cascade).

- Angular – Rocks used are irregular and have no particular shape.

Continue on pg 9

ROOT ON ROCK STYLE - by Prof Gareth Bath

- Fantasy – These rocks have a dream-like quality seldom or never found in reality and nature.

REQUIREMENTS FOR ROCKS

- The most important requirement is that it must be beautiful, striking, fascinating.
- An illusion of size is really important for creating the impression.
- The right size implies that it is big enough (over fist-size) but not too big (torso size).
- Fissures or hollows are essential to place the tree(s).
- The rock must be many-sided, not just one-dimensional.
- It must be weathered – avoid fresh breaks and marks.
- The rock must look natural – weird rocks are best reserved for display purposes (Suiseki)
- The rock has to be long lasting – avoid crumbly and fragile rocks.
- It should be stable, to stand firmly. It can either be cut using an angle grinder, or built up with cement or epoxy putty.

SUITABLE PLANTS

- It is an absolute requirement that the trees must have small leaves, to keep them in proportion with the rocks.
- Since they only have a tiny scrap of soil to grow in, trees must be drought-tolerant. Sooner or later watering will be skipped or forgotten – the tree must survive.
- A good root system is essential to make the most of the tiny pocket of soil provided.
- The trees have to look convincing at a height of only 5-10 cm, thus the trunk and branches must be capable of miniaturisation.
- Because these tiny trees are inclined to die, they must be easy to replace in the composition.

Continue on pg 10

ROOT ON ROCK STYLE - by Prof Gareth Bath

EXAMPLES

The following have been advocated

- Conifers – Juniper (nana)
- Oleas, Buddlejas
- Ficus spp
- Cotoneaster, Pyracantha
- Lonicera nitida

The next two meet all requirements, and should be a first choice, especially for inexperienced growers.

- Portulacaria afra (spekboom)
- Crassula sarcocaulis (kranz bonsai)

SOIL

- The tiny pocket of soil must have a strong structure so that it is not washed away by watering.
- Water retention is essential – thus, in contrast with other bonsai soils, a loose, crumbly, easily draining soil is to be avoided.
- Instead, sticky, clinging soil must be used.
- This requires a mixture of fine humus (the clay-like residue of compost) and 30% clay (!) – which is usually avoided in bonsai soil mixtures.
- To protect the soil surface moss (hardy types) must be used.
- Small, frequent fertiliser applications are required.

ATTACHMENT

- This requires natural hollows and crevices – enlarge if necessary. Use a masonry drill, or rotate a chisel, but do this slowly and carefully to prevent the rock breaking.
- Wire or thread is used to tie the trees into their hollows.
- Lead or epoxy putty can be used to attach the wire to the rock. Lead has to be hammered into a hole created and this can break the rock, so rather use epoxy putty.
- Nylon stockings or nets are extremely strong but almost invisible, and come in different colours that can match the rock and soil. A piece can be cut out and wrapped around the soil ball, helping to retain the soil.
- Moss can be used to cover wires and nylon, and make the scene look more natural – hardy types are preferred.

Continue on pg 11

ROOT ON ROCK STYLE - by Prof Gareth Bath

CARE AND ATTENTION

- Beware of dehydration – water more frequently than other bonsais – consider drip or timed automatic irrigation.
- Beware of harsh, all day sun which can quickly heat the rock and dry out the soil pockets.
- Trees do not need repotting usually but they can be detached.
- Fertilise small amounts often since the soil pockets are very small and quickly exhausted of nutrients.
- Be prepared to replace plants that die – the trees are tiny and not spectacular, so regard them as expendable items.
- Nip tree shoots often to keep shape, since overgrown trees will spoil the effect that we're trying to create.
- Keep in survival mode between shows – consider using cotton wool, cling-wrap plastic and shade cloth to protect the trees.
- Prepare for showing when shows are imminent. Tidy up the rock, soil, replace moss, hide attachment wires or nylon nets that may have been revealed with watering.

ROOT ON ROCK STYLE - by Prof Gareth Bath

Prof Bath demonstrated some examples after his presentation. Photos taken by **Esther van Aarde**.

Vergadering van 4 Mei 2013

Johan Els het 'n aanbieding en praatjie gegee oor Kusamono, Aksent plante en Figuurtjies. Onder volg sy aanbiedieng (matig geredigeer) soos by die vergadering aangebied.

Kusamono

⇒ Direkte vertaling, beteken dit "grasse".

⇒ Die kuns sluit in wat ons ken as aksent plante.

- Waar pas dit in by Bonsai?

Vergadering van 4 Mei 2013

Kusamono en waar dit inskakel in Bonsai

⇒ Kusamono sowel as aksent plante, rond ’n Bonsai uitstalling af.

⇒ Dit aksentueer die Hoo item (Bonsai boom), dit gaan gewoonlik gepaard met ’nsuiseki (besigtigings klip) asook die Tafeltjies of staanders en selfs soms ’ “Scroll”.

- Ek dink ek sal dalk vorentoe ’n praatjie lewer oor al hierdie aspekte.

♦ Daar is ’n paar nuttige wenke wanneer dit kom by die uitstallig van Kusamono of aksent plante nl.

- Hulle mag nie afbreek maak aan die Bonsai boom nie.
- Die vloei van die boom is ’n aanduiding van hoe die aksent plant geplaas moet word.
- ’n Blommende aksent plant mag nie saam met ’n blom draende bonsai uitgestal word nie.

Vergadering van 4 Mei 2013

Die Nuwe Kusamono

⇒ Dit wat ek raakgeloop het wat my geinspireer het!!

- Die nuwe tendens is dat soos bonsai die ook 'n kunsvorm aanneem nl.
  - Die Kusamono kan 'n enkele plant / gras spesie wees, maar die een wat ek nogal ge niet.
  - Die aanplantings het hoogte, diepte, vloei, verskillende kleure en tekstuure.
  - Dit is soos 'n lewende Ikebana skepping.

Vergadering van 4 Mei 2013

Kusamono en Aksent plante

⇒ Wat se plant soorte is gepas?

- Enige iets, data is tot sekere plante wat ek ken as onkruid, wat hier gebruik word, vir hulle kleure en blomme.

⇒ Wat se grondmengsel?

- Dieselfde grond mengsel as wat ek gebruik vir my bonsai is geskik.

⇒ Water gebruik?

- Hulle is klein plantjies, so pas op dat hulle nie uitdroog nie, plaas hulle in 'n groot pot sonder gaatjies soos vir jou Mama bonsai.

⇒ Klein wenk.

Onthou dat sommige gras spesies onkruid is, so pas op waar jy hulle plaas sodat jy nie ongewensde klein plantjies oral kry nie.

⇒ Wat se pot?

- Sommer allerlei potjies kan gebruik word, vir my is al die handgemaakte en "ander" potjies nogal gepas.

- Daar is sommiges wat nie eers potjies het nie!

⇒ Tafeltjie, matjie ens.

- Nes die bonsai boom of die Suisekie moet dit vertoon word met sy eie matjie, tafeltjie of boomstomp skyf.

(Op hierdie punt het Johan 'n massa fotos gewys wat hy van die internet gekry het en wat ek bang is om te gebruik aangesien daar nie toestemming is om dit te gebruik nie)

Vergadering van 4 Mei 2013

Figuurtjie

⇒ Gedink ek het vergeet?

- Nooit.

⇒ Waar pas figuurtjies in by bonsai?

- Dieselfde as die aksent plante en Kusamono, hulle moet die hoof uitstalling kompli menteer.
- Dit kan ook die skaal aandui om te beklemtoon hoe groot en Majestic die Bonsai " werklik" is.
- Dit kan die gevoel van sekere tonele uitlig, bv
  - ◊ `n Visserman wat sit en `n vis van onder `n groot Vyeboom of Wige op die oewer van die rivier.

⇒ Japanees, Chinees, Afrika?

- Wat bedoel ek hiermee?
  - ◊ Die oorspronklike is soos die Bonsai gevind in China, daarom vind jy dit ook makliker om dit op te spoor wanneer jy na Chinees Mudmen soek.
- Alhoewel soos ook in die verlede is dit tog maar weer die Japanese wat die Beeldjies wat van pas is by die skep van `n gevoel by Bonsai gemaak het.
- Nou waar val die Afrika dan uit?
  - ◊ Al ooit gewonder hoe dit sou lyk as ons `n Waterbuffel, of `n Japanese man wat skaak speel onder `n doringboom gaan lyk?
  - ◊ Maar `n leeu, cheeta of kameelperd kan dalk hier werk

(Op hierdie punt het Johan 'n massa fotos gewys wat hy van die internet gekry het en wat ek bang is om te gebruik aangesien daar nie toestemming is om dit te gebruik nie—red)

SO GAAN UIT EN DROOM, EN WEES SKEPPEND!

EK KAN NIE WAG OM JULLE SKEPPINGS TE SIEN BY DIE VOLGENDE SKOU NIE.

Vergadering van 4 Mei 2013

Johan het, soos onder gesien kan word, ’n massa plantjies en potjies gehad. Hy het toe die vergadering genooi om die plantjies te gebruik en skeppings in die potjies te maak. Baie lede het deel geneem en dit baie geniet. Daar was regtig baie mooi skeppings. Slim plan Johan, nou het jy ’n hele klomp mooi aksent plantjies!

Nuwe Talent Kompetisie.

Bo: Johan van Zyl. Onder: Duvan Horn.

Gedurende die vergadering van 4 Mei het lede met minder as tien jaar ondervindig in die beoefening van bonsai aan die Kai se Nuwe Talent Kompetisie deelgeneem. Die wenner en naaswenner gaan die Pretoria Bonsai Kai by die eerskomende BRAT byeenkoms verteenwoordig. By die BRAT byeenkoms word al die klubs/kai's van die streek verteenwoordig.
Ons was baie bevoorreg, en dankbaar, dat vyf van ons lede aan die kompetisie deelgeneem het. Hulle was Duvan Horn, Francois van As, Johan van Zyl, Cory Meerholtz en Rolf Wuest. Die bome wat gestyl moes word was almal "Juniperus Procumbens Nana". Al die bome was naastenby van dieselfde gehalte en grootte.

Die deelnemers het aan die bome gewerk terwyl die vergadering aan die gang was en is ongeveer drie uur gegee om die boom te styl. Daar was nie verwag dat die boom in 'n bonsai bak geplant word nie. Nadat die vyf lede hulle stylering voltooi het is die bome deur Prof Gareth Bath, Charles Ceronio en Pieter de Plessis beoordeel. Daar is onder andere gekyk na aspekte soos: ontwerp, balans, natuurlike voorkoms, bedrading, snoei werk en oorspronklikheid.
Die keuse van die beoordelaars vir

Bo: Cory Meerholtz.

Vervolg op bl 20

Nuwe Talent Kompetisie.

die wenboom het gegaan aan Francois van As met tweede plek aan Duvan Horn en derde plek aan Rolf Wuest. Al die bome was van hoë gehalte en die lede kan trots wees op hulself.
Die fotos van die gestyleerde bome kan natuurlik nie werklik wys hoe die boom gelyk het nie maar gee darem 'n idee.
♣

Bo: Rolf Wuest. Onder: Francois van As.

Bo: Die beoordelaars hard aan die dink.

Bo: Francois se wen boom.

Vergadering van 4 Mei 2012

"Tip of the month" - by Richard Adams

Richard said that we are always in a hurry to plant our bonsai in a proper bonsai pot. We then tempt to plant our nicest, or favorite, tree first in a bonsai pot. Very often this tree then stagnates because his growing conditions is restricted. Richard said that he had a couple of Buddleja trees, some which he left in large growing pots and some he planted in bonsai pots. The trees left in the growing pots are now beautiful and those in the bonsai pots have stagnated. Richard's tip is that we should not be tempted to plant our trees in bonsai pots to early. The best 'bonsai pot' he has ever used is an old drum, the one on the photo on the right above. Remember that the horticultural health of the tree is the most important.
We are also always looking for rules. On small trees and pots rules are less important. In general for larger pots, use the 'rule' that the width of the pot is two thirds of either the height of the tree or the width of the tree, whichever is the larger. The depth of the pot is the thickness of the trunk, or slightly more.

Law of Close Encounters
The probability of meeting someone you know increases dramatically when you are with someone you don't want to be seen with.

Snippets

Our Environment.

Batteries may contain toxic metals such as mercury and cadmium. If the batteries end up in landfills, the heavy metals can leach out into groundwater. Long term exposure to cadmium can cause liver and lung disease. Mercury can cause damage to the human brain, spinal system, kidneys and liver and has been linked to developmental and learning disabilities.

Find out where you can recycle used batteries!

Inspirasie uit die natuur

WOW! Praat van “root over rock”.

Esther van Aarde het hierdie boom afgeneem by Mabula Lodge in die Waterberg area. Dit is een van die Wilde vy spesies.

Verganklikheid—deur Dr Pieter Loubser

VERGANKLIKHEID

'n Studiegroep tandartse is nou-die-aand hier in Klerksdorp bymekaar en ons luister na 'n kollega wat ons skrikmaak met die syfers oor hoe tydelik die herstellings is wat ons as tandartse in tande plaas. Allerhande redes is daarvoor aangevoer en selfs ons praktisyns is te blameer. Hoe lank kan jy verwag dat 'n herstelling en die tand waarin of waaroor dit geplaas is, kan hou? Wat is die redes vir die sogenaamde mislukkings?

En ek wonder toe oor bonsai. En ek wonder oor die lewe. Myne en joune. En ek wonder wat gaan word van my "kosbare" versameling bonsai na ek "tot stof teruggekeer" het. En watookal dan met die "kinders" gaan gebeur en wanneer hulle ook gaan groet. En.....maak dit saak?

Hoe tevrede lyk die "jongeling" links teenoor die "ouer", regs?

Dit klink alles morbied. 'n Ander siening mag wees dat rypheid met ouderdom kom en dat ons dus kan smag na rypheid. En hopelik sal die nageslag bou op wat die vergane as fondament neergelê het. En dat 'n beter toekoms wag. Leroy Paige sê dat "*Age is a question of mind over matter. If you don't mind it doesn't matter*". [Ek kon daardie een nie goed vertaal nie, jammer].

Vervolg op bl 24

Verganklikheid—deur Dr Pieter Loubser

Maar moenie moed opgee oor ouderdom nie. Samuel Ullman vertel ons hoe om jonk te bly: ”*Niemand word oud deur net jare by te voeg nie. Ons word oud deur ons ideale op te gee. Jare sal ons vel plooie gee, maar verlies aan entoesiasme gee plooie aan jou siel*”. Douglas MacArthur stem hiermee saam as hy beweer dat *”jy so jonk is as jou geloof, so oud as jou twyfel; so jonk as jou selfvertroue, en so oud as jou vrese; so jonk as jou hoop, en so oud as jou wanhoop*”.

Bonsai kan jeug en ouderdom vergestalt. En beide voorstellings is met rede en kan waardeer word. Waarom moet ons in bonsai net ouderdom as waarde sien? Of is daar ander goed waaraan ons bonsai se waarde meet? Wat is waarde? Hoeveel geld ek kan kry as ek ‘n bonsai wil verkoop? Of die waarde wat iemand kry as hy/sy na die kunswerk kyk en dit geniet? Of die plesier wat ek gehad het in die skepping daarvan? Leer ek eers bonsai ken as ek ouer is? Of as ek na ouer bonsai kyk? Hoe gou gebeur dit (hoe gou word ‘n bonsai ‘n bonsai?). Raplh Waldo Emerson waarsku dat “*die jare ons baie vertel wat die dae nie geken het nie*”. ’n Onbekende sê dat “*jy nie jammer moet wees omdat jy ouer word nie want daar is baie wat dit nie beskore is nie*”.

Die twee jenewerbome hierbo vergestalt ouderdom, hoewel veral die regterkantste een dalk te veel “gewig” het in die kroon. Dit is nie jong bome nie. Nie op enige manier nie. Maar ons probeer jonger materiaal ouer laat lyk. Ons, as bonsaistileerders, verneuk dus. Verneuk skilders nie ook nie? En wat van verbeelding? Carl Sagan sê dat “*verbeelding ons dikwels sal neem na wêrelde wat nie bestaan nie. Maar sonder verbeelding gaan ons nêrens heen nie*”.

Vervolg op bl 25

Verganklikheid—deur Dr Pieter Loubser

Hoe lank gaan hierdie den nog leef? Veral in die klein houertjie. Indien dit toegelaat was om in die natuur voort te leef, sou dit veel langer gehou het? En hoe sou dit gelyk het? Sou meer grond en 'n natuurlike omgewing die boom na iets groots laat herstel het? Of was dit toe dit uitgegrawe was, reeds op die lêer van die lyksbesorgers?

Hoeveel van die bome wat ons uitgrawe uit die natuur gaan oorleef en dalk die oorsprong wees van steggies of soortgelyk om die spesies te laat voortbestaan. Of dink die uitgrawers dat die bron onuitputbaar is?

John Barrymore beweer dat "*mens nie oud is totdat berou die plek van drome inneem nie*".

Vervolg op bl 26

Verganklikheid—deur Dr Pieter Loubser

Is dit nie dalk beter om liefs klippe te versamel nie? Hierdie is ‘n verstommend-interessante stok-perdjie.



En klippe gaan nie dood nie! En kan maklik in ‘n testament bemaak word! Maar “*elkeen is die ouderdom van jou hart*” volgens ‘n gesegde uit Guatamalo. Of as jy sinies wil wees volgens Dorothy Fulheim is “*jeug ‘n siekte waarvan jy mettertyd sal genees*”.

Wees jonk in jou denke en jou skeppings. Dis dalk die rede waarom Judith Regan aanbeveel dat “ *die pad na suksesvolle oudword is om so min as moontlik daaraan aandag te gee*”. Jou bonsai sal mettertyd verouder al probeer jy wat!

Groete van ‘n ouerwordende Pieter Loubser.

TERUGVOERING OOR DEMONSTRASIE / WERKSWINKELBOME.

Gedurende die vergadering van 6 November 2010 het Martin Kruger gepraat oor die 'Twisted trunk' styl. Martin het op 'n Juniper demonsteer en die bas in 'n spiraal om die stam verwyder. Die onderste twee foto's is in die sesde uitgawe 2010 gewys, voor en nadat Martin aan die boom gewerk het. Die heel onderste foto's is van dieselfde boom geneem in April 2013, dus twee en 'n half jaar later.

Links: Martin gedurende sy praatjie in 2010.

Regs: Die Juniper nadat die bas afgehaal is. Die foto was nie duidelik genoeg om werklik te kon sien hoe die bas gelyk het nie.

Links: Die stam van naby.

Regs: Dieselfde Juniper twee en 'n half jaar later.

Vergadering van 1 Junie 2013.

"Tip of the month" - deur Vincent Rea

Verslag en foto deur Esther van Aarde.

Gereedskap benodig vir bonsai: Vincent sê hy het meestal kraggereedskap—dit is nodig as jy dik stam of wortels sny.

- Waar daar nie elektrisiteit is nie, soos in die veld, ge bruik hy 'n saag met verskillende lemme.
- 'Pencil grinder' maak 'n snit glad, dis gevaarlik maar effektief. Jy kan verskeie punte aansit.
- 'Rotar' om hardehout te kerf.
- 'Knob cutter' (tang) om hardehout uit te knip.
- As hy net bietjie cambium wil afsny gebruik hy kunsmessie of 'scalpel'.

Vir al bogenoemde apparaat is die regte spoed en versigtigheid baie belangrik!

Verslag en foto's deur Esther van Aarde.

Versorging en instandhouding van gereedskap - deur Duncan Wiles.

Daar is baie verskillende menings, maar volgens Duncan is die basiese beginsel: hou gereedskap skoon, roesvry en skerp.

Duncan gebruik graag gewone blou spiritus op skuurlappie, soos wat mens in kombuis gebruik. Dit is baie effektief om bv die taai sap van vye wat aan gereedskap kleef skoon te maak. Om roes te verwyder gebruik Duncan die produk Mckenic, dit smeer of olie sommer ook. Hy vind Q20 nie so effektief om te smeer (lubricate) nie aangesien dit stof laat vaskleef. Vir erge roes laat hy gereedskap 15—20 min in Coke lê, en was dit dan af. Terpentyn is ook goed, soos spiritus.

Wat is die mees belangrike stuk in jou gereedskapkas? 'n Snoeiskêr. Alle rowwe snoei kan met 'n snoeiskêr gedoen word, en daarna verfyn met ander apparaat. Beskerm jou gereedskap, dit is duur en kos dikwels meer om te herstel as om 'n nuwe stuk te koop. Koop 'carbonsteel' of 'stainless steel' gereedskap. 'Stainless steel' is egter 'n problem om skerp te maak. Om skêre skerp te maak stel Duncan 'n hele paar opsies voor soos bv kombuisspons met skuurdraad kant, 'n voetskuurder, 'n 'diamond coated' skuurder. Duncan gebruik ook 'n elektriese apparaat vir skerpmaak, die punt is ook van skuurpapier.

Om apparaat te olie gebruik Mckenic of Singer masjien-olie. Moenie alle gereedskap in een houer gooi nie, maak liewer 'n material rol met verskillende sakkies. Deur dit te doen sal jou gereedskap langer hou en langer skoon, roesvry en skerp bly. ♣

Bonsai Kalender — Deur Francois van As

Wat doen ons in Julie en Augustus

In Julie betree ons middel-winter en kan die eerste intense koue verwag word, en daarmee saam die moontlikheid van ryp. Volg gerus die weervoorspellings op die TV aangesien dit redelik akkuraat is. Bonsai boompies wat buite gehou word moet nie water kry wanneer dit baie koud is nie aangesien die wortels kan vries wanneer die temperatuur onder 0° C daal. Dit is egter belangrik om die grond andersins klam te hou. Bemesting is nie nodig nie aangesien die boompies in 'n dormante staat is. Dit is 'n goeie tyd om potte, grondmengsels en gereedskap gereed te kry vir wortelsnoei en herpotting aan die begin van die lente. Dit is ook nou 'n goeie tyd om al jou boompies te evalueer vir vooruit beplanning. Ek het byvoorbeeld al my boompies, wat aandag moet kry, genommer en aantekeninge begin maak in verband met wat ek met elke boompie beplan, byvoorbeeld herpot of hoe ek dink die boompie gesnoei en gevorm moet word. Hierdie aantekeninge gaan handig te pas kom wanneer die tyd aanbreek (gewoonlik begin lente) om dit te doen.

Toestande gedurende Augustus (laat-winter) is nog baie dieselfde as middel-winter. Dit sal raadsaam wees om bladwissellende bome nie te nat te maak nie, hou hulle net klam. Boompies wat begin bot moet herpot word voordat blare ontwikkel. Aangesien die boompies begin groei kan intense snoeiwerk gedoen word sodat wonde vining kan herstel.

Bonsai-groete, Francois van As

A gardener's legacy

You don't have to climb mountains to find good yamadori. In fact many species don't grow in such remote places. Just keep your eyes wide open and your gaze lowered wherever you go. Colin Lewis, bonsai focus

The individual opinions expressed in this issue are not necessarily those of the Pretoria Bonsai Kai.